ng kerk
weltevreden
lewe vir die stad

**Gemeentebrief Maart 2021**
**Dr Neil du Plessis**

**Van sondaars na "saints"**

In die kerklike jaar vier ons tans saam met miljoene gelowiges wêreldwyd Lydenstyd. In hierdie 40 dae reis op pad na Golgota kry ons weer die geleentheid om eerlik en broos voor God te staan. Hierdie seisoen het die vermoë om ons te stroop van al die ou bagasie wat ons saamsleep en waarin ons die afgelope jaar verstrengel geraak het. In kort is dit 'n geleentheid vir oor begin en nuut kyk na onsself en ons verhouding met God.

Een van die wonderlike gebruike wat ons raaklees in die Bybel is dat God gereeld vir mense na 'n tyd van selfondersoek en beproewing nuwe name gegee het. Nie snaakse byname soos wat ons dalk mee grootgeword het of wat dalk iets weerspieël van jouself of waar jy vandaan kom nie, maar totaal nuwe name wat ook 'n nuwe roeping in die persoon se lewe ontsluit het. Dink maar aan Abram wat Abraham word, Jakob wat Israel word, Simon wat Petrus word en Saulus wat Paulus word. Saam met 'n nuwe naam het daar gewoonlik ook 'n nuwe identiteit gekom.

Dit het my laat dink aan die treffende storie wat lank gelede afgespeel het in 'n tyd toe mense in 'n sekere land baie swaar gekry het a.g.v. 'n langdurige droogte. In die een dorp was daar twee jong mans wat ook rasend honger was. Hulle kon ook nie meer die honger oë van hulle familielede verduur nie. Hulle moes eenvoudig iets doen om hulle situasie by die huis te verbeter. So kon dit nie aangaan nie! Daarom het hulle tot drastiese stappe oorgegaan. Hulle gaan steel een nag twee skape van 'n ryk man.

Terwyl die twee besig is met hulle skaapdiefstal, kom die ryk man se wagters daar aan. Hulle word onmiddellik in hegtenis geneem en die nuus versprei soos 'n veldbrand deur die distrik. 'n Opspraakwekkende hofsaak volg en hulle word swaar gevonnis. Die ergste van die vonnis is egter nie die tronkstraf nie, maar die feit dat die letter "S" op hulle voorkoppe ingebrand moet word. Die regter se presiese woorde daardie dag in die hof is net dit: *"Wanneer enigeen die letter "S" sien, sal hulle weet dat julle sondaars is."*

Na jare is hulle uit die tronk vrygelaat en van die een man het niemand ooit weer iets gehoor nie. Die ander man het besluit om na sy tuisdorp terug te keer. Ja, dieselfde dorp waar hy destyds die misdaad gepleeg het. Daar het hy begin leef as 'n veranderde man wat 'n duur lewensles geleer het. Hy het gou-gou 'n reputasie opgebou as 'n man wat mense help. Hy het siekes en die oues van dae by hulle huise besoek en bemoedig. Hy is selfs betrek om twiste tussen egpare, boere en families op te los. Die plaaslike landdros het hom gevra om met jong wetsoortreders te praat. Kort voor lank het die mense van die distrik van sy vorige oortreding en tronkstraf vergeet en kon hulle nie ophou praat oor die goedheid van sy hart nie.

As ou man stap hy toe eendag in die hoofstraat af. Twee jong seuns speel in die straat. Toe hy verby hulle stap, vra die een seun vir die ander: "Ek wonder waarvoor staan die letter "S" op sy voorkop?" Die ander seun bly 'n bietjie stil en antwoord toe beslis: "Wel, as ek na my ma-hulle luister en hoor van al die goeie dinge wat die ou man doen, staan die "S" sekerlik vir 'saint'!"

In 2 Kor 5:17 lees ons *“Iemand wat aan Christus behoort is ’n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom.*” Hierdie belofte is net so waar vir ons. As gedooptes het elkeen van ons die bynaam van “Christen” ontvang. Saam met al die geloofshelde voor ons, word ons biologiese name ook aangevul met die naam “Christen” om die Een wat ons verteenwoordig te eer.

Watter bynaam sal die Here vir jou gee? Kan die mense met wie jy elke dag skouers skuur ook waarlik sien en beleef dat jou middelnaam “Christen” is?

**Neil du Plessis**